

## **Jy moet jousef ook liefhê!**

**Mat 16:24-28**

Vrydag 20 Nov 2020

“Toe sê Jesus vir sy dissipels: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry. Wat sal dit 'n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry maar sy lewe verloor, of wat sal 'n mens gee in ruil vir sy lewe?”

As christene is ons so bang om te sê: “Ek het myself lief!” Dit klink al te egoïsties en al te selfsugtig en selfgesentreerd.

- Ons wil tog almal ons kruis opneem en Jesus Christus volg.
- Ons wil tog almal ons naaste liefhê en goed aan hulle doen.

**Maar om jousef lief te hê is ook ‘n opdrag van Jesus Christus!** In **Mat 22:39** het Jesus tog gesê dat jy jou naaste moet liefhê **soos jousef**. God het ons elkeen geskape. God het ons gemaak. Ons is God se skepsele en daarom moet ons God se skepping liefhê. God het aan ons elkeen gewes en talente, besittings en geloof gegee, dit moet ons oppas en liefhê. Want God het my geskape soos wat ek is, met wat ek het en daarvoor moet ek dankbaar wees en so lewe uit dankbaarheid.

**Jy moet vir jousef sorg.** Duidelik leer God aan ons in die Woord dat wie nie werk sal nie eet nie. Gaan na die mier luiaard. Ons moet werk. Ons moet wat ons het oppas. Ons moet voorsiening maak waar ons kan en soos ons kan vir die toekoms. Dink maar hier aan Spreuke 31. Dit handel oor ‘n flukse, ywerige vrou. Sy het gewoel en gewerskaf met besighede, met in- en uitvoere, met boerdery, met fabrieke, maar altyd in liefde vir haar en haar gesin. Ook lees ons k dat Paulus aan Timoteus opdrag gegee het om met veral sy geestelike gewes te woel en te werskaf. 2 Tim 4:14-16.

**Wanneer laas het jy jousef bederf?** Wanneer laas het jy ‘n paar uur uit jou besige dag vir jousef “gesteel”? Het jy tyd gemaak vir ontspanning, ‘n boek gelees, ‘n lang ent gaan stap of ‘n sonsondergang bewonder of net tyd vir jousef geneem? Wanneer laas het jy tyd aan jousef spandeer? Laai jou batterye met dit wat ook vir jou lekker is.

**Wat is die probleem van selfliefde?** Die probleem van selfliefde is wanneer **dit selfsugtige liefde word**. “Selfliefde kan so maklik ontaand in selfsug, wat beteken dat die selfliefde die liefde tot God en die liefde tot die naaste, in mindere of meerdere mate oorheers en dit mag nie.”  
*(de Bruyn, P.J.2008 die Tien gebooie. p.120)*

Selfliefde is die gevolg van jou liefde vir God en jou liefde vir jou naaste. Ja dit is wanneer jy God liefhet met jou hele hart en siel en verstand en jou naaste liefhet, dat jy besef jy kan en mag en moet ook jousef liefhê. Want God het sy liefde aan ons bewys deur Jesus Christus se soendood. Die Heilige Gees lei na liefde toe. Die Woord leer ons van liefde.

- Wees dus ‘n dissipel en navolger van Jesus Christus.
- Maar uit dankbaarheid, hê jousef ook baie lief en maak tyd vir jousef.

**Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)